# Jim van Tonderskool

FONDSINSAMELINGSNR.: 02 200587 000 0

Tel.: 017 647 2606
017 647 5987
Webblad/Webpage: jimvantonder.co.za
E-pos/E-mail: info@jimvantonder.co.za

Alle korrespondensie moet gerig word aan:
All correspondence must be addressed to:

**DIE HOOF / THE PRINCIPAL**
**Jim van Tonderskool**
**Privaatsak/Private Bag X1007**
**BETHAL, 2310**

31.07.2026
07 van 2026

Geagte Ouers / Voogde

Graag wil ons die volgende onder u aandag bring:

## 1. SKOOL

### 1.1 BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 3 Aug | Landloop: te Jim van Tonder |
| | Skool kom om 12:30 uit. |
| 4 Aug | Skoolverlaters verkope |
| | Krieket: Proewe 1ste rondte te Witbank |
| 5 Aug | Sokker: vs. Vaalrivier (tuis) o/16 en o/19 Seuns |
| 6 Aug | Krieket: vs. Platorand o/16 (weg) en o/19 (tuis) |
| 8 Aug | Sokker: Proewe o/19 seuns en dogters |
| 10 Aug | Publieke vakansiedag |
| 12 Aug | Sokker: vs. Ethokomala (tuis) o/19 seuns |
| 13 Aug | Krieket: vs. WH de Klerk o/16 (tuis) en o/19 (weg) |
| 17 Aug | Landloop: te WH de Klerk |
| 18 Aug | Krieket: Rhino oefening te Witbank |
| 19 Aug | Sokker: vs. Platorand o/14 en 0/15 seuns (tuis) o/16 en o/19 seuns (weg) |
| 20 Aug | Krieket: vs. Vaalrivier o/19 (weg) |
| 21 – 22 Aug | PlaasJuppie Fees |
| 25 Aug | Krieket: Rhino oefening te Witbank |
| | Sokker: vs. WH de Klerk o/14 en o/19 seuns (tuis) |
| 27 Aug | Krieket: vs. Platorand o/16 (tuis) en o/19 (weg) |
| 28 Aug | Omsendskrywes en rekeninge uit |
| 29 Aug | Landloop: Mpumalanga Kampioenskappe |

### 1.2 SKOOLREKENINGE

Ons sit steeds met baie betalings wat nie geallokeer kan word nie, omdat die verkeerde verwysing op die bank gebruik word.

Ons vra asseblief dat u sal kyk of u betaling reg op u rekening verskyn. Indien dit nie reg geallokeer is nie, stuur asseblief vir ons 'n e-pos met:

- U kind se naam en van
- U kind se klas

of

- U rekeningnommer (Die verskyn regs bo aan u rekening – bv. 3BURG001)
  Gebruik asseblief die volgende verwysings wanneer u betaal:
- Skoolfonds: Gebruik u rekeningnommer (regs bo op u staat).
- Busgeld: Gebruik kind se naam, van en bus of dorp.
  Stuur bewys van betaling na: bus@jimvantonder.co.za
- Klere: Gebruik kind se naam, van, klas en klere.
  Stuur bewys van betaling na: finances@jimvantonder.co.za en sê waarvoor u betaal het.

**1.3 BUSTARIEWE**

Na aanleiding van die onlangse styging in brandstofpryse, is die skool se finansiële komitee genoodsaak om die buskaartjiepryse te hersien aangesien die skool geen Departementele skoolvervoer ontvang nie. Ten einde kostes so laag as moontlik te hou, is daar ook besluit om sportbusdienste op Maandae en Dinsdae tydelik te staak.

Die aangepaste tariewe het vanaf 4 Mei 2026 in werking getree.

Slegs busgelde vir die volgende roetes moet asseblief in die skool se rekening inbetaal word:

**BANKBESONDERHEDE:**

| | | |
|---|---|---|
| Rekeningnaam | - | Jim van Tonderskool |
| Bank | - | ABSA |
| Takkode | - | 632005 |
| Rekeningnommer | - | 0760 420018 |
| Verwysingsnommer | - | Kind se naam en van, bus [Busroete naam]. |

| Roete | Koste |
|---|---|
| Bethal | R 130.00 per boekie 10 kaartjies |
| Trichardt, Secunda, Kriel, Evander | R 270.00 per boekie 10 kaartjies |
| Ermelo | R 160.00 per enkel rit |
| Hendrina | R 150.00 per enkel rit |
| Morgenzon | R 70.00 per enkel rit |
| Volksrust | R 180.00 per enkel rit |

**1.6 SKOOLDRAG VIR WINTER**

Ons skooldrag vir die winter is soos op die volgende bladsy uiteengesit vir die leerders. Ons vra alle ouers en voogde om seker te maak dat u kind die regte skooldrag het en dit elke dag dra. Leerders moet elke dag 'n das dra. Dit is nou koud en daarom versoek ons dat kinders slegs hul wintersdrag sal dra, die dra van somersdrag sal nie toegelaat word nie. Indien leerlinge SWEETPAKKE wil bestel, moet dit so gou moontlik gedoen word omrede dit tot 4 weke neem om gemaak te word.

| **Skooldrag vir die winter** | | | |
|---|---|---|---|
| **Dogters** | | **Seuns** | |
|  | Dogters grys langbroek<br>Wit langmou hemp en skooldas<br>Swart skoolkouse<br>Swart skoolskoene<br>**Geel & swart** langmou skooltrui<br>Swart wintersbaadjie met skoolwapen. |  | Grys langbroek,<br>Wit langmou hemp met skooldas<br>Swart / grys skoolkouse<br>Swart skoolskoene<br>**Geel & swart** langmou skooltrui<br>Swart wintersbaadjie met skoolwapen |
|  | Grys 6-baan skoolromp<br>Wit langmou hemp en skooldas<br>Lang swart gebreide kouse<br>Swart skoolskoene<br>**Geel & swart** langmou skooltrui<br>Swart wintersbaadjie met skoolwapen | **Koste vir items wat by Jassworth Sports aangekoop kan word:**<br><br>Wintersbaadjie met skoolwapen R350<br><br>**Koste vir items wat by die skool aangekoop kan word:**<br><br>Das R 100.00<br>Moulose trui R 180.00<br>Skooltrui R 200.00<br>Skoolbaadjie R 350.00<br>Gholf T-hemp R 250.00 (XS-2XL)<br>Sport sweetpak R 650.00 (XS-2XL)<br>Balkies R 25.00<br>Skoolwapen R 40.00 | |

**2. KOSHUIS**

**2.1 WARM KLERE EN KOMBERSE**

Dit is koud in Bethal. Sien asseblief toe dat u kind voldoende warm klere en beddegoed na die naweek saambring koshuis toe. Merk u kind se eiendom duidelik sodat dit maklik uitgeken kan word.

2.2 **FINANSIES 2026**

2.2.1 **ADMINISTRASIEFOOI**

Daar is nog verpligte R400.00 administrasiefooie uitstaande. U moet die R400.00 betaal al kry u 'n 100% koshuisbeurs.

2.2.2 **LOSIESGELDE VIR 2026**

**Die losiesgelde is R2 220.00 per maand vir 10 maande.**

2.2.3 **UITSTAANDE LOSIES**

**Geen kind met uitstaande R400.00 administrasiefooie vir 2026 sal in die koshuis toegelaat word nie. Alle rekeninge moet op datum betaal wees tot einde Julie vir u kind om Sondag, 2 Augustus, in die koshuis toegelaat te word. Indien u rekening nie betaal is nie, sal u kind nie in die koshuis toegelaat word nie. Geen afbetalings ooreenkomste sal toegelaat word nie.**

2.3 **SLOTTE**

Maak asseblief seker dat u kind 2 slotte het. Dit bly elke kind se verantwoordelikheid om sy kas en kamer te sluit.

2.4 **SKOOLDRAG**

Kan u as ouers asseblief help en seker maak dat u kind met die korrekte skooldrag terugkeer na 'n naweek. Baie kinders kom met 'n verskoning dat die skoolskoene en klere by die huis vergeet is; dan loop hulle die hele week met verkeerde klere. Dankie vir u ondersteuning.

2.5 **SIEK LEERLINGE**

Dit gebeur al hoe meer dat siek kinders op 'n Sondag en Maandag by die koshuis arriveer. **Moet asb. onder geen omstandighede u kind koshuis toe stuur op 'n Sondag indien hy/sy siek is nie. Ons gaan van u verwag om u siek kind te kom haal.**

2.6 **MEDIKASIE**

Geen medikasie mag by die leerlinge in hulle kaste gehou word nie. Dit moet by die siekekamer ingehandig word.

Merk asseblief die medikasie duidelik. Dui ook op die houer aan hoe dit geneem moet word, indien dit nie reeds daarop aangedui is nie. U moet ook aandui waarvoor dit geneem moet word. Dankie vir u samewerking.

2.7 **AANMELD BY KOSHUIS OP SONDAE**

Geen leerders sal na 19h00 in die aande toegelaat word nie. Aandete op Sondae word om 17h00 bedien. Indien u na 17h00 arriveer, sal geen aandete vir die leerder beskikbaar wees nie.

2.8 **BELANGRIKE DATUMS**

| | | |
|---|---|---|
| 8 Augustus | - | Koshuis sluit om 15:30. |
| 10 Augustus | - | Koshuis open om 14:00. |

2.9 **BELANGRIKE KOSHUIS KONTAKBESONDERHEDE**

| | | |
|---|---|---|
| Skool | - | 017 6475987<br>017 4220322 |
| Koshuis e-pos | - | damullerhostel@jimvantonder.co.za |
| Koshuisvader | - | Mnr Bornman 082 337 1645 **(SLEGS IN NOODGEVALLE)** |
| Dissipline | - | Mnr. Sibanda 083 418 5579 |

**Alle skool- en koshuisnavrae gedurende skoolure.**

Die uwe,

pp.

**MEV M KRÜGER**
**HOOF**